basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GRAAD 2 EAT BASISLYNASSESSERING

RIGLYNE AAN DIE ONDERWYSER:

- **Neem kennis dat hierdie assessering redelik lank is en kan nie in een dag voltooi word nie.**
- **Deel liewer die tyd wat beskikbaar is vir basislynassessering (doen dit deurlopend gedurende die orientasie/hersiening tyd gedurende Week 1-6) tussen die komponente.**
- **Verseker dat een komponent voltooi word voordat die volgende komponent geassesseer word.**
- **Die assessering is gedoen volgens die vereistes per kwartaal.**
- **Sommige komponente word herhaal in al vier kwartale terwyl ander komponente, byvoorbeeld skryf net in die vierde kwartaal gedek word.**

1. LUISTER EN PRAAT

Demonstreer begrip van basiese woordeskat deur na sommige voorwerpe in die klaskamer of op 'n prent in opdrag van die onderwyser te wys, byvoorbeeld (Vereiste: Kwartaal 1-4)

1.1 Wys die leerders die prent van die klaskamer in die in die DBO werkboek Graad 2 boek 1 bladsy 2 en vra die volgende vrae:

a) Wys na die mat. Vra: Wat is dit? [Uitdruklike woordeskat]
b) Wys na die stoel. Vra: Wat is dit? [Uitdruklike woordeskat]
c) Wys na die sak. Vra: Wat noem on dit in Afrikaans? [Woordeskat]
d) Vra: Wys na die seun. [Ontvanklike kennis]
e) Vra: Wys na die tafel. [Ontvanklike kennis]

1.2 Gee n eenvoudige mondeling beskrywing van n person, dier en voorwerp en vra leerders om dit te identifiseer (*Identifiseer 'n person, dier of voorwerp deur middle van 'n eenvoudige, mondelinge beskrywing. (Vereiste: Kwartaal 3 en 4)*

a) Ek is ronde en rooi. Jy kan my eet. Wat is ek? ('n appel)
b) Ek leer jou hoe om te lees en skryf. Wie is ek? ('n onderwyser)
c) Ek is gemaak van hout of plastiek en jy kan op my sit. Wat is ek? ('n stoel)

1.3 Groet die leerders en luister na hulle antwoord.
(*Reageer op groete / instruksies / vrae (Vereiste :Kwartaal 1-4)*

a) Goeie môre (naam van leerder) Antwoord ……..
b) Hoe gaan dit vandag met jou? Antwoord…….

1.4 Gee eenvoudige instruksies aan die leerders.

a) Maak asseblief die deur oop.
b) Spring!
c) Staan op!

2. KLANKE EN FONEMIESE BEWUSTHEID

2.1 Vertel die leerders dat juffrou twee woorde gaan sê. As die woorde dieselfe klink moet hulle DUIME OP wys. As die woorde nie dieselfde klink moet hulle DUIME AF wys: (*Identifiseer rymwoorde in gediggies, aksierympies en liedtjies*. *Vereiste: Kwartaal 1,2,4*)

a) slaap, vaak (**DUIME OP**)
b) son, plan (**DUIME AF**)
c) pop, skop (**DUIME OP**)
d) been, voet **DUIME AF**)

2.2 Vra leerders om na individuele woorde te luister en die begin klanke te identifiseer. (Identifiseer begin klanke in woorde. *Vereiste: Kwartaal 1-4*)

a) sit *(/s/)*
b) bal *(/b/)*
c) man *(/m/)*
d) tik *(/t/)*

2.3 Vertel leerders dat juffrou 'n sin gaan sê. Hulle moet mooi luister en dit herhaal terwyl hulle die individuele woorde klap. (*Segmenteer mondelinge sinne na individuele woorde*. *Vereistes: Kwartaal 1-2*)

a) Ek drink water. *(Ek – drink - water. 3 klappe)*
b) Ek hou van skool. (*Ek - hou –van – skool. 4 klappe)*
c) Dit is my nuwe vriend. *(Dit – is – my - nuwe - vriend. 5 klappe)*

2.4 Vertel die leerders dat juffrou 'n paar woorde gaan sê. Hulle moet mooi luister en een vinger wys as dit een voorwerp is en twee vingers as dit meer as een voorwerp is. (*Herken meervoude (s en e) op gehoor. Vereiste: Kwartaal 3-4*)

a) Rok *(een vinger)*
b) Skoene *(twee vingers)*
c) Boek *(een vinger)*
d) Tafels *(twee vingers)*

2.5 Vertel leerders hulle moet mooi luister na die individuele woorde. Hulle moet dit herhaal terwyl hulle die lettergrepe klap. (*Klap lettergrepe van bekende woorde. Vereistes : Kwartaal 2-4)*

a) Kat (een klap)
b) Boek (een klap)
c) Roomys (twee klappe)
d) Vliegtuig (twee klappe)

3. LEES

3.1 Lees die storie van die Kouende ruspe in die DBO Graad 1 boek 1-2 bladsy 78-78. Vra die volgende vrae (Antwoord eenvoudige mondelinge vrae oor die storie. Vereiste: Kwartaal 1-4)

a) Wat was Maandag op die blaar? ('n klein ruspertjie)
b) Hoeveel blou druiwekorrels het die klein ruspe Donderdag geëet? (vier)
c) Wat het die ruspe Vrydag geëet? (vyf geel piesangs)
d) Hoe het die ruspe teen Saterdag geluk? (baie, baie vet)

e) Wat het Sondag gebeur? (die ruspe het in ‘n pragtige vlinder verander)

3.2 Vra leerders om diere te identifiseer.
(Identifiseer mense, diere en voorwerpe in illiustrasies (Grootboek/Plakkaat) Vereiste: Kwartaal1, 3 en 4)

a) Waar is die ruspe en waar is die vlinder?

3.3 Vra leerders om verskillende woorwerpe in die storie uitteken.
(Praat oor ‘n voorwerp in ‘n prent en reageer op die onderwyser se instruksies (Plakkaat/ Grootboek) Vereiste: Kwartaal 1-2)

b) Wys na die druiwekorrels
c) Wys na die vlinder
d) Wys na die geel piesangs

3.4 Vra leerders om 20-30 bekende woorde te lees
(Woord herkenning: Herken 20-30 bekende woorde in EAT. Vereistes SGA Kwartaal 4)
Gebruik die woordlys hieronder en vra leerders om die woorde te lees. (Gebruik die EGRA metode)

is	die	sien	in	en
vir	nie	lê	dat	sy
hy	het	hou	kat	jy
so	eet	ons	klein	seun
wag	meisie	ry	wel	kom
hier	doen	ek	my	toe

4. <u>SRYF</u>
(Skryf ‘n eenvoudige lys met opskrif (3-5 woorde op ‘n onderwerp) Vereiste: Kwartaal 3-4)

4.1 Vra die leerders om ‘n lys te skryf van klere wat hulle het.

My klere:

1. ……

2. ……

3. ……